# Hoofstuk van die dag: Josua 17

*Hulle het vir Josua gesê: "Die Bergland is nie groot genoeg vir ons nie, en al die Kanaäniete wat in die laagte woon, het*

*ysterstrydwaens …" (vers 16)*

Gister het ons gelees dat die Efraimiete nie die Kanaäniete verdryf het nie (Jos. 16:10). Die Manasse-stam het dieselfde probleem gehad (Jos. 17:12). Hulle kla ook dat hulle nie genoeg grond gekry het nie. Hulle was onvergenoegd en wou meer hê. Dalk het hulle gedink Josua sal hulle bevoordeel omdat hy ook van die stam Efraim was, maar Josua was 'n man van integriteit. Sy antwoord was: Julle is baie, julle kan die Bergland wat julle ontvang het, tem. Hy vermaan hulle ook om die Kanaäniete te verdryf. Hierdie gesindheid van selfgerigtheid het later in die geskiedenis weer na vore gekom. Lees gerus Rigters 8 en 12.

As 'n mens verwag dat alles in jou skoot moet val en dat jy meen jy om watter rede ook al bo ander bevoordeel behoort te word, sal jy altyd onvergenoegd wees. Dit verg geloofsmoed om met God se seën moeilike lewensomstandighede te oorkom, soos Kaleb gedoen het (vgl. Jos. 15:13-19).


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

© Bybelkoerant 2018 – 2026